Sy Onfeilbare Woorde Van Belofte

Sodat ons almal in die gesindheid van gebed vir die siekes kan kom. En nou wil ons ook in gebed wees vir die komende Sakemanskonvensie hier, wat volgende Donderdagaand begin. Hulle gaan 'n paar goeie sprekers hê by hierdie kon- . . . [Leë kol op band—Red.]

2 Tucson, natuurlik, ek woon nou in Tucson. Hierdie is my tweede jaar daar. En soos ek altyd gesê het: "Ek woon bo by Jerusalem."

3 Ek kon nie, 'n polisieman laat (gisteraand het hulle vir my 'n —'n kaartjie gegee) glo dit was Jerusalem nie. Ek was op my pad soontoe by Apache Kruising, en een van my ligte het uitgegaan, die hooflig, die domp. En ek het dit probeer maak na 'n vulstasie, en die ander een het uitgegaan. En ek het net agter my gekyk, en ek het sy rooi lig gesien. Hy het my gestop, en hy het gesê: "Jy weet waarvoor ek jou gestop het?"

Ek het gesê: "Ja, meneer, een van daardie ligte is uit."

Hy het gesê: "Dis reg. Weet jy dit is 'n oortreding om dit te doen?"

4 Ek het gesê: "Ja, meneer, maar ek—ek—ek kon nie by 'n stasie kom nie. Ek het nie enige gekry nie. Ek het probeer om een te vind."

Hy het gesê: "Van waar is jy?"

Ek het gesê: "Jerusalem."

Hy het gesê: "Waar? Waar?"

Ek het gesê: "Jerusalem." Ek het gesê: "Ek's . . . "

Hy het na my lisensie gekyk, gesê: "Jy 'n prediker?"

Ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het gesê: "Ek's van Jerusalem."

Gesê: "Waar is dit, oorsee?"

5 Ek het gesê: "Nee, meneer. Dis bo-op die heuwel hier, genaamd Tucson, jy noem dit so." Ek het gesê: "Ek was onder in Jérigo, hier, in die vallei."

6 Dis 'n wonder hy het my nie net daar 'n kaartjie gegee nie, nie waar nie? Maar hy—hy het vir my 'n—'n klein: "Maak gou en maak dit reg, of . . . " [Leë kol op band—Red.]

7 Here Jesus, ons vertrou onsself toe aan U, vir hierdie diens. Ek onthou al die dinge wat U vir my gesê het, en al die dinge wat U voorheen vir die mense gedoen het, hiervoor gee ons lof

en eer. Maar ek onthou verlede herfs, aan die afkom, omtrent vyfhonderd myl noord van hier, toe U my daardie berg gewys het, en gesê het: "Gaan terug en bid vir die siek mense, totdat die tyd aanbreek." En hier is ek, Here. Nie tot hierdie mense hier nie; ek bid nie tot hulle nie. Ek bid tot U. En ek is hier tot U diens vanaand, om te doen net soos U my beveel. Help my nou, Vader, bid ek, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

8 Laat ons in die Bybel blaai nou, na, die Boek van Matthéüs, vir 'n teks. En laat ons Matthéüs lees, die 24ste hoofstuk, en die 32ste en die 35ste vers, ingesluit.

> *Jy leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy* takke *al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.*
>
> *So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.*
>
> *Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.*
>
> Hemele *en die aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie.*

9 Ek sou graag 'n teksie daaruit wou neem, hieroor: *Sy Onfeilbare Woorde Van Belofte*. Ons geloof is net *Hier* gebaseer, op die onfeilbare Woord van belofte. Mense, deur die eeue, het Hierin vertrou, in die beloftes van God.

10 Nou, as jy ooit, in jou lewe, ooit in 'n genesingsdiens gekom het, en al die aandag wou gee wat jy kon, wil ek hê jy moet dit nou doen. Ons wil sien dat die Here verheerlik word.

11 En ek glo waarlik dat elke Woord van God, elke belofte wat Hy gemaak het, waar is.

12 En dis aan enigiemand wat dit wil aanvaar. En nou daar is party wat dit probeer aanvaar, en nie kan nie. Daar is andere wat dit kan aanvaar. En party kry dit sonder om halfpad te probeer. Nou, dit, ons moet die Evangelie preek dat: "genesing is vir almal," tog weet ons dit is nie. Dit is aan almal as hulle dit kan ontvang, maar ons weet hulle kan dit nie almal ontvang nie. Ek wil net so eerlik wees as wat ek weet hoe om te wees.

13 Ons moet verlossing op dieselfde manier preek, dat "verlossing vir almal is," maar ons weet dat almal Dit nie kan ontvang nie. Alle mense kan nie hierdie dinge sien nie. Jesus het gesê: "Geseënd is julle oë dat julle kan sien, julle begrip, want daar is baie wat Dit nie kan verstaan nie."

14 En Goddelike genesing is vir mense wat glo. Maar, jy kan nie glo, totdat Iets in jou is om jou te laat glo nie.

15 "En dan as die werke gedoen is," het Jesus gesê: "in Sodom en Gomorra, wat gedoen is in die stede van Kapérnaüm en daardie

stede" waardeur Hy gegaan het, het Hy gesê: "sou hulle tot vandag gestaan het."

16 En ek sê: As die werke, die magtige werke wat gedoen is in Phoenix, in Sodom gedoen sou wees, sou dit gebly het tot vandag, en sou nie op die bodem van die Sout. . . van die Dooie See gewees het nie.

17 Nou, dis omdat alle mense daarna uitreik, almal wat siek is. Maar as hulle net 'n oomblik sou stop, en probeer oorweeg wat die Woord beteken.

18 Geloof is deur die gehoor van die Woord, die Woord van belofte. As jy nie 'n belofte het nie, dan gaan jy uit op jou eie geloof. Maar, as jy 'n belofte van God kan neem, is dit God se belofte aan jou.

19 Die vrou wat Sy kleed aangeraak het, het geen belofte daarvoor gehad nie. Maar haar geloof, sonder 'n belofte, het haar genesing bewerk.

20 Nou, as sy haar genesing kon kry, met haar geloof, sonder 'n belofte in wat sy gedoen het, hoeveel te meer behoort ons ons genesing te ontvang, deur geloof in 'n belofte wat God manifesteer en bevestig voor ons, en dit aan ons gebring het deur Sy Woord, gekom het en Sy Woord bevestig het!

21 Kyk na hierdie babatjies wat ek pas toegewy het. Albei van hulle, 'n wonderwerk van God, bokant mediese begrip. Sien? Dink net aan die dinge wat gedoen is!

22 Nou, is God 'n aannemer van persoon? Beslis nie. As Hy een genees, sal Hy die ander genees. Daar is net een ding wat jy moet doen, is om daardie geloof te hê. En daardie geloof is iets wat jy weet; nie iets wat jy oor plunder, oor raai nie. Jy weet dit! Iets gebeur. Nou, deur die eeue, het mense hierop gerus.

23 Die rede dat ek hierdie teks hier geneem het vir hierdie paar minute, is omdat Hy gesê het: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie." En Hy het 'n belofte hier gemaak, dat daardie geslag, hulle sou. . . Gesê: "Hierdie geslag sal nie verbygaan totdat hierdie dinge vervul is nie."

24 As daar 'n ongelowige hier mag sit, dis een van die grootste struikelblokke waarin die ongelowige ooit gevang is. Hulle dink dat Jesus verwys het na die geslag waarmee Hy gepraat het. Nou om dit uit te klaar, sodat ons by die teks kan kom.

25 Hulle het vir Hom drie vrae gevra. As julle sal oplet terug in die 24ste, die begin van die 24ste hoofstuk hier, lees ons hierdie Woorde.

> *En Jesus het uitgegaan, en van die tempel vertrek, en Sy dissipels het nadergekom om Hom die* gebou *van die tempel te wys.*

En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal sekerlik nie een klip op 'n ander gelaat word, wat nie afgebreek word nie.

26 Nou, dit was toe Hy steeds in die stad was, by die tempel. Nou wat?

En toe Hy op die berg . . .

27 Hy het die tempel verlaat, en opgegaan op die top van die berg, Olyfberg.

. . . gaan sit . . . Olyfberg, *kom* Sy *dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, . . . wat is die teken van die U koms en* die teken *van die voleinding van die wêreld?*

28 Hulle het vir Hom drie vrae gevra. En Hy antwoord hulle soos hulle Hom gevra het. Drie vrae, sien. Eerstens: "Wanneer sal die tyd wees wanneer nie een klip op die ander gelaat sal word nie?" En: "Wat sal die teken van U Koms wees?" En: "Wat is die einde van die wêreld?" Drie vrae. En Hy beantwoord drie vrae.

29 Groot studente, vandag, plaas daardie eerste vraag, toe Hy gesê: "Bid dat julle vlug nie in die wintertyd, of op die Sabbatdag sal wees nie," hulle plaas dit na 'n toekomstige datum, van die Koms van die Here by die einde van die wêreld.

30 Dit het plaasgevind in 70 n.C., toe die groot Romeinse soldaat, of groot weermag, Titus en sy groep daarnatoe gekom het, die groot generaal van Rome, die mure beleër het soos Jesus hulle voorspel het. "En Jerusalem omring sien met leërs, dan laat hom wat in die veld is nie weer terugkom in die stad nie." Nou wat sou dit help . . .

31 En party mense probeer hulle doktrine daaroor ondersteun, dat mense steeds sal lewe in die sabbat-ure, die sabbatdae sal onderhou wanneer Hy kom. Wel, as die—as die Koms universeel is, kan jy nie die sabbat onderhou nie; want, aan die een kant, is dit die sabbatdag, en die volgende dag is 'n dag verby die sabbat. Sien, so dit is nie. Die sabbat-onderhouding was vir 'n volk in die woestyn, nie vir die universele Kerk nie. Sien? En al hierdie verskillende dinge, hulle neem daardie Skrifte sonder om die Heilige Gees te hê om hulle reg uit te lê en hulle te wys wat hulle is.

32 Maar hier is waarvan Jesus gepraat het, volgens my nederigste opinie, was dat Hy gesê het, dat: "Hierdie geslag," met ander woorde: "die geslag wat sien dat die vyeboom bot." Sien, Hy het hier gesê: "En wanneer die vyeboom begin, sag is, en uitstoot sy, sy takke, sê julle die somer is naby. Soortgelyk, sien, wanneer julle al hierdie dinge sien, ken die tyd. Wanneer julle al drie hierdie vrae sien vervul word, is die tyd voor die deur. Daardie geslag wat die vyeboom sien!" En die *vyeboom* is altyd "Israel." "En wanneer Israel teruggaan na haar tuisland en

'n volk word, sal daardie geslag nie verbygaan voordat al hierdie dinge vervul is nie."

33 En Christenvriende, vanaand, in hierdie groot verwarring in die Skrifte, wat mense dink verward is, ons lewe nou om te sien die einste . . . Alles wat Hy hier gesê het is vervul, net die volgende ding is vir Sy Koms.

34 Israel is in haar tuisland. Sy is haar eie volk. Sy het haar eie geld, eie vlag, 'n lid van die V.N. Sy is net 'n volk; die eerste tyd, vir omtrent vyf-en-twintig honderd jaar, vandat sy 'n volk was. En Jesus het belowe dat: "Die geslag . . . " En, in die Bybel, word 'n geslag bepaal as veertig jaar. Van die tyd dat Israel 'n volk word, tot veertig jaar, êrens binne daardie tyd, sal Hy kom. En as dit waar is, dan bring dit die Koms.

35 Wel, en nog 'n ding, elke tweeduisend jaar, het iets gebeur op die aarde, en politiek en alles val, God moes hulp stuur uit die Hemel. En die eerste tweeduisend jaar, is die wêreld vernietig deur water; die tweede tweeduisend jaar, het Christus gekom; en hierdie is 1964, en hulle maak aanspraak dat ons sewentien jaar agter is daarmee.

36 Nou julle sien dis voor die deur. Die volgende ding, is, dophou vir die Koms van die Here. Al die ander tekens smelt reg daarmee saam. So dis waarom, vanaand, dat ek die mense probeer kry om presies op die beloofde Woord te bly. Net wat die Woord sê, bly reg Daarby.

37 Nou, toe ek na Christus gekom het, het ek geweet ek moet 'n fondament êrens hê, om op te staan. Ek was verordineer in die Sending Baptiste kerk. Toe, toe ek sien die doktrine van die Sending Baptiste kerk was so teenstrydig met die Skrif, toe kon ek nie plaas, my hoop baseer op die doktrine van die Sending Baptiste kerk nie. Toe het ek gedink ek sal oorgaan na my moeder se kerk, sy was Metodis. En ek het gedink ek sou soontoe gaan. Ek het weer gevind. So ek het geweet dat as Jesus sou kom vir die Metodiste mense, sou Hy sekerlik die Baptiste los. As Hy sou kom vir die Baptiste, sou Hy die Metodiste los. Maar ek het gevind, by albei groepe, goeie mense. En ek het geweet as Hy gekom het vir 'n kerk, watter kerk sou Hy voor kom, iets oor die negehonderd verskillende organisasies? Hy gaan nie. Hy gaan nie mense oordeel volgens die kerk nie.

38 Hy gaan die mense oordeel volgens Jesus Christus. En Jesus Christus is die Woord. Johannes, die 1ste hoofstuk, het gesê: "In die begin was die Woord." Toe God . . . In die begin, voor dit 'n Woord was, was dit 'n gedagte. "En toe in die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Dit was alles God.

39 En toe soos God Sy Woord uitgegee het, wat sou wees, Sy Kerk voorbestem het, voor die grondlegging van die wêreld: "Sou dit voor Hom verskyn, sonder vlek of rimpel." En die horlosie

beweeg net aan. En Dit sal daar wees, 'n Kerk, glorieryke Kerk, sonder vlek of rimpels! Ek vertrou dat ons almal, hier vanaand, lidmate is van daardie Kerk. En dat daar net een manier is om in daardie Kerk in te kom, nie deur enige denominasie nie, jy gaan Daarin deur nuwe Geboorte.

En jy sê: "Wel, ek glo dit."

40 En indien so, dan sal jy elke Woord van hierdie Bybel beklemtoon, met 'n "amen," alles wat die Bybel sê; want Dit is Christus, en jy is 'n deel van Christus, en die Heilige Gees wat hierdie Waarheid openbaar. Elke eeu het sy deel van die Woord gehad om te vervul.

41 God stuur altyd 'n profeet. Die Woord kom na die profeet; die geskrewe Woord, 'n onderskeier van die gedagtes van die hart. Het julle altyd opgelet? Die profeet, omdat hy geweet het hy was 'n profeet, is omdat die Woord van God die gedagte onderskei wat in die hart is, dinge voorspel, voorspeller en uitspreker. Het julle ooit die woordeboek geneem, die ou Hebreeuse woordeboek, en gekyk wat die woord *siener* beteken? Dis die een wat die Goddelike openbaring van die geskrewe Woord het. En hoe dit bevestig word, hy sien dinge vooruit wat hy voorspel, en hulle gebeur.

42 Nou, hoe tipeer dit met die Skrif? Net presies. "As daar enige onder julle is, wat geestelik of 'n profeet is, sal Ek die Here Myself bekend maak aan hom, met hom praat in visioene. En as hierdie dinge gebeur, dan is dit God. As hulle nie gebeur nie, moet dan nie na hom luister nie, moet hom glad nie vrees nie, maar ignoreer dit net." Maar God se Woord is altyd reg! Daarom, dis hoe hulle geweet het van die man wat gespreek het, of hy die regte openbaring van die Woord gehad het of nie, die Goddelike Woord wat geskrewe is, omdat die Woord van die Here na hom toe gekom het. Nou ons bly Daar, ons plaas onsself en ons vertroue op hierdie Woord.

43 Jy sê: "Broer Branham, in die Ou Testament, dit was profete."

44 God, in die Bybel, die Hebreërs, die 1ste hoofstuk, het gesê: "God, in die ou tye, het op baie maniere gespreek tot die vaders deur die profete; het in hierdie laaste dae gespreek deur Sy Seun, Jesus Christus." Sien, dis Jesus Christus. En Jesus is die Woord, sien, en openbaar Sy Woord deur Jesus Christus. Die Woord openbaar Ditself, Dit laat die Woord lewe. Dis waar die mense Hom nie herken nie.

45 Dis hoe die vroutjie, by die put, Hom herken het. Wel, sy het dit geweet, vinnig. Sodra Hy haar iets vertel het van haarself, het sy gesê: "Meneer, ek sien U is 'n profeet. Nou, ons weet die Messias kom. En wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge sê, ons alle dinge wys."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

46 Hoe kon sy Sy aanspraak ontken, toe die werk eers gedoen was? Die werk was eerste bevestig, dat Hy daardie Profeet was. Hulle het nie profete gehad vir honderde jare nie. En hierdie Man moes 'n profeet wees; en—en gesê, deur Homself te bevestig, dat Hy daardie beloofde Messias was. Geen wonder nie dat daardie vroutjie in die stad kon inhardloop, en sê: "Kom, sien 'n Man Wie vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is hierdie nie die Messias, die einste Messias nie?"

47 Nou ons glo dit, dat God, in die eeue waarvoor Hy Sy Woord toebedeel het, daardie deel, daardie Woord geopenbaar gaan word in Sy Waarheid. Dit moet bevestig word, want God het dit so belowe. En, Dis, Dis altyd waar.

48 Noag. Dit was moeilik vir die mense om Noag te verstaan in sy dae. Hy het God gehoor spreek. Hy het geweet dit was die Woord, want hy was God se profeet. God het hom uitgestuur, om te sê: "'n Groot vloed aan die kom!" Hy het gebou aan 'n ark, in die tyd van kritiek. Geen verskil gemaak aan Noag, hoeveel gekritiseer het nie. Hy was die lig van daardie dag. Hy was die Woord van God gemanifesteer vir daardie dag; want, God het die mense vernietig.

49 Moses, 'n groot, hoogs opgeleide teoloog, groot man, gebore om 'n profeet te wees; tog, in al sy teologie en sy—sy boekkennis van God, kon nie die kinders van Israel deur kennis verlos nie.

50 Julle sien, die profeet kan nie gaan volgens kennis nie. Hy moet gaan volgens inspirasie. Inspirasie!

51 En toe die Woord van die Here na hom toe gekom het in die woestyn, in 'n brandende bos, en die Woorde wat Hy aan Abraham gespreek het aan hom gesê en aan hom openbaar het. En wat het Hy gedoen? Hom die geskrewe Woord vir daardie uur gewys, en Moses toe geroep vir die werk. En hy was bang, met 'n leër, om Israel te probeer verlos; en gaan toe af met 'n stok in sy hand, en verlos Israel. Die—die . . .

52 God doen dit so geheimsinniglik, wat net eenvoudig die vleeslike verstand reg uit sy wentelbaan plaas. Dit kan nie meer dink nie. Het julle ooit opgelet?

53 Johannes die Doper, wat in die water staan, hy was 'n profeet, die voorloper, tussen die profete en die komende Seun van God. Johannes het uitgestap in die water, en hy het gesê! Hy was nie bang om die mense te vertel: "Daar staan nou Iemand onder julle!" nie. Dink aan die versekering wat hy gehad het! "Daar staan Een onder julle op die oomblik, Wie julle nie ken nie. Sy skoene is ek nie werd om te dra nie. Hy sal die Een wees wat julle sal doop met die Heilige Gees en Vuur."

54 Hy was in die midde van die mense toe. Johannes het geweet Hy moes kom in sy geslag, omdat hy sy plek in die Skrif gesien het, die Gees van God op Hom gesien het. "Ek stuur My

boodskapper voor My aangesig, om die weg voor te berei." En hy het geweet die koms van die Messias was op hande.

55 So terwyl die profeet in die water gestaan het, geprofeteer het, het die Woord na hom toe gekom. Jesus was die Woord! Dis hoe die profeet Hom geken het, want Dit was die Woord, met die teken wat vir hom gegee is. "Ek het Hom geken, omdat Hy my gesê het, in die woestyn: 'Gaan, doop met water,' gesê: 'Op Wie jy die Gees sien neerdaal, en op vertoef, Hy sal doop met die Heilige Gees en Vuur.'" En toe die Woord gekom het, het die teken saam met die Woord gekom, in die water in.

56 Jesus Self, toe Hy gekom het, het Hy geweet Hy was die Woord. Hy, Hy was seker daarvan. Want, Hy, toe Hy net twaalf jaar oud was, 'n klein Seuntjie, vind ons Hom (soos ek gister gesê het) in die tempel, aan die debateer met die priesters. Sy kennis kon hulle tradisies oortref, en Hy het hulle geleer, daardie manne. En toe Sy Eie moeder na Hom kom, en gedoen 'n . . . 'n woord gesê het wat verkeerd was, kyk hoe die Woord die fout korrigeer.

57 Die Woord sal altyd die fout korrigeer. En as mense dit net vandag kon sien, die Woord korrigeer die fout! Die hele ding word 'n fout. Maar God se Woord is wat reg is. Hy het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nie verbygaan nie."

58 En die Woord wat belowe is vir hierdie dag, korrigeer die fout van die dag. Verstaan julle? Die Woord Self korrigeer die fout. Die mense vandag, sê: "O, laat ons *hierby* aansluit. Laat ons na die Raad gaan. Laat ons al *hierdie* dinge doen." Dis 'n fout. En die Woord kom terug en korrigeer daardie fout, deur Homself te identifiseer, die uur, en die tyd van die uur. Nou ons weet daardie dinge is waar.

59 Nou gaan ek vir julle 'n persoonlike getuienissie in die volgende tien minute gee, as die Here wil, 'n persoonlike getuienissie. Wat, ek glo, as ek nie verkeerd is nie, Broer John Sharrit . . . Ek weet nie of hy vanaand in die gebou is, of nie. Ek het hom nie gesien nie. Hy's 'n baie persoonlike vriend, dierbare broer. Hy was saam met my in die vroeë deel van die bediening.

60 Hoeveel was hier toe ek die eerste keer na Phoenix gekom het, sestien jaar gelede? Laat ons julle hande sien. Kyk net daarna, omtrent 'n derde van die mense. Hoeveel van julle onthou dat, in die gebed vir die siekes, ek my hand sou uithou, die mense hulle hande sou lê op—op my; en dan, wat ook al gespreek het, was wat hulle gehad het. Hoeveel onthou dit?

61 En hoeveel van julle onthou dat ek vir julle gesê het dat die Engel van die Here, in die Vuurkolom, wat—wat my daarbo ontmoet het, en vir my gesê het, as ek: "opreg sou wees," sou dit gebeur dat ek "die einste geheim van die hart sou ken." Hoeveel onthou dit, gesê het dit sou so wees?

62 Nou, hoeveel onthou dat Hy belowe het dat dit sou voortgaan? En, nie lank gelede nie, vir 'n visioen, Hy belowe het van daardie trek van daardie lyn, gesê het: "Jy kan nie Pinksterbabatjies bonatuurlike dinge leer nie." En toe ek die derde trek gemaak het, het Hy gesê: "Nou moet niemand hiervan sê nie. Jy het probeer om daardie ander te verduidelik. Moet niemand hiervan sê nie. Hierdie is die groot en laaste trek." Hoeveel onthou dat dit voorspel is?

63 Sien, Hy faal nooit. Daardie dinge het gebeur, een, twee, drie, net soos hulle was.

64 Nou, in Phoenix, dit was gedurende die tyd dat Mev. Waldorff hier gesterf het in 'n gebedsry, met kanker in haar hart, en genees is. Sy kom gewoonlik na die dienste. Sy is waarskynlik nou hier. En dan . . . Mev. Hatty Waldorff. Toe vind ons uit dat haar dokter die getuienis daarvan gehad het, die—die foto's gegee het, of nie die . . . Wat noem jy dit, x-strale? X-strale daarvan, waar die—die vrou die kanker gehad het. En sy lewe vandag. En dit was sestien jaar gelede. Nou ek's baie seker dat meneer . . . Ja, daar is Mev. Waldorff, net daar nou. Dis reg. [Iemand sê: "Dit was sewentien jaar, hierdie Maart."—Red.] Dis sewentien jaar, hierdie Maart. Daar is 'n dame wat dood was, en weer lewendig geword het, met kanker in haar hart. Want, dis was SO SPREEK DIE HERE. Nou let op na daardie tye.

65 Ek het na Kalifornië gegaan, en ek glo dat Broer John Sharrit toe saam met my was. Ek het vandag gedink, daaraan gedink, aan die opkom hiernatoe. Ek is redelik seker hy was. En vrou en ek . . . En my Rebekka, 'n jong vrou nou, wat hierdie jaar gradueer; sy was 'n babatjie, ek het haar in my arms gedra. En ons het gegaan, ook, oorgegaan na Catalina, het na Catalina gegaan na die diens verby is, net om die boot oorkant toe te neem en terug te kom, net om te sê ons was op die see. En die aand voor ons vertrek het, of aand of twee . . .

66 Paul Melikian, meeste van julle ken hom. Paul Melikian. Ek glo hy's by die ta- . . . Wat? ['n Broer sê: "Madera."—Red.] Waar? ["Madera."] Madera, Kalifornië. Sy moeder, vader, beide is genees in die dienste. Ek het uitgevlieg hiernatoe met die vliegtuig, om hulle te besoek, en hulle is genees.

67 Paul se vrou het pas geboorte geskenk aan—aan 'n babatjie. 'n Goeie mense, Armeniërs, en hulle het soontoe gebel en gevra, die vrou was siek en wou haar afbring. Ek het gesê: "Goed, kom af." So, hulle het haar soontoe gebring. En daardie aand . . . Sy, en ek en my vrou, en dit mag Broer Sharrit wees. Ek's nie seker nie.

68 Is Broer Sharrit hier? As hy was . . . Was dit reg, Broer Sharrit, was jy daar daardie aand? Dis reg. Daar is die getuie. Ek—ek wou Broer John sien, en kyk of hy hier was.

69 Nou sy het haar hand op myne gelê, en vinnig het dit vibreer. "En, kyk, sy het lewe om haar dood te maak, 'n bose lewe." En ek

het gesê: "Jy het melkbeen." Wel, sy het geen simptome daarvan gehad toe nie. Maar 'n paar dae daarna, het die dokter haar behandel vir melkbeen.

Sy het gesê: "Dis wonderlik, Broer Branham."

70 Nou ek gaan 'n paar goed hier moet sê wat—wat krapperig gaan wees. Maar ek—ek moet die waarheid vertel, maak nie saak wat dit is nie. Ek het dit altyd gehaat om te sê my pa was 'n dranksmokkelaar. Ek het gehaat om dit te sê, maar dis die waarheid. Ja. As daar enigiets verkeerd is, laat ons—laat ons—laat ons dit net hier regmaak, nie wag tot ons Daarbo kom nie. En ek—ek hou daarvan om die goeie dinge te sê, maar ons moet die slegtes ook sê.

71 My vrou was in die kamer, 'n klein swartkop-vrou. En Mev. Malicki het gesê: "dis vreemd, hoe dit maak op jou hand." Gesê: "Maak dit so op almal se hand?"

Ek het gesê: "Nee, mevrou."

Gesê: "Kan jy dit verduidelik?"

Ek het gesê: "Nee, mevrou."

72 Nee, jy kan niks van God verduidelik nie. Jy kan nie die werke van God verduidelik nie. Jy kan nie God verduidelik nie. God is sonder verduideliking. As dit was, sou ons Hom nie moes glo deur geloof nie.

73 Ek het gesê: "Die werke van God kan nie uitgevind word nie. Sien?" Ek het gesê: "Dis 'n daad van God, wat ek nie kan verduidelik nie."

En sy het gesê: "Wel, ek . . . Dit is beslis wonderlik."

En, en ek het gesê: "Wel, ek sal my hand daarop plaas. Sien daar, niks gebeur nie."

74 Ek het gesê: "Daar is niks verkeerd met my vrou nie. Sit jou hand op, skat." En net so gou as wat haar hand myne getref het, my eie vrou, het ek gesê: "Jy het 'n sist op die linker ovarium."

Onthou dit, Broer Sharrit, in die kamer daardie aand?

75 Wel, twee jaar daarna, is my klein Sarah gebore, vier jaar na Becky. Ek het vir die dokter gesê, hierdie . . . Hulle moet almal keiser wees, want sy kan nie babas normaal hê nie; sy was so, haar familie is so. En ek het vir die dokter gesê: "Kyk na die linker ovarium, en wanneer jy haar oop het, en kyk of daar nie 'n sist daarop is nie."

76 Hy het gesê: "Broer Branham, ons, ek sal—ek sal kyk." Maar toe dit . . . Toe hy weer afkom, het hy gesê: "Ek het niks gesien nie, Broer Branham."

Ek het gesê: "Goed."

77 Vier jaar later, het my klein Joseph op die toneel gekom. En ek—ek sou haar hand neem, dit was steeds daar. Ek het gesê: "Dokter, kyk weer na daardie linker ovarium, sal jy?"

78 En hy het gesê: "Ja, Broer Branham." Hy het daarna gekyk, en dit . . . "Nee, niks daar nie," het hy gesê.

79 Ek het haar hand geneem. Ek het gesê: "Maar dit is daar. Dit is daar. Hier, dit bewys dit *hier*." Hy kon dit nie kry nie.

Wel, dit het aangegaan, jare het verbygegaan.

80 Verlede jaar, ons, dit was ons twee-en-twintigste jaar wat ons getroud is. En ek was op 'n jagtog, elke wittebrood. En ek gaan altyd na 'n plekkie daarbo bo-op die berg, en doen 'n gebedjie daarbo, en gee God my danksegging vir 'n goeie vrou. My vrou was 'n skat vir my, en daarom doen ek dit elke jaar.

81 Toe ons hier oorkant in Arizona kom, volgens die bevel van die Here. En julle het gesien in die koerant, en ek het die fototjie hier gehad, het dit vanmiddag aan iemand gewys, hoe die tydskrif dit gewys het. En ek het net hier op hierdie platform gestaan, en elke persoon hier gesê: "SO SPREEK DIE HERE: 'Iets gaan gebeur. Ek het 'n konstellasie van sewe Engele my sien ontmoet, noord van Tucson.'" Onthou julle dit? Hoeveel was hierbinne toe ek dit gesê het jare gelede? Goed. En julle weet net presies hoe dit gebeur het, dieselfde manier.

82 Die tydskrif het selfs die foto gehad: "'n Geheimsinnige Lig gesien, sewe-en-twintig myl hoog; dertig myl hoog, en sewe-en-twintig myl breed." Vog gaan net omtrent agt of nege myl hoog, julle weet, en hulle kan nie uitwerk wat Dit was nie. Ek het nooit 'n woord daarvan gesê nie, dit net laat gaan; want, dit help glad nie, glad nie.

83 Net soos wat dit gedoen het oor die Lig wat hulle geneem het, die engel van die Here, hulle glo Dit steeds nie.

84 En nou, so toe ons hiernatoe gekom het, ek die heeltyd in dienste, wat alles doen vir die Here wat ek kan. Maar ek doen nie alles wat ek moet nie, ek—ek weet dat ek soveel foute maak.

85 En my vrou moet beide moeder en vader wees, albei, vir daardie kinders, want ek's weg. En haar besluit . . . 'n Vader en moeder behoort saam te stem oor hulle besluite vir hulle kinders. Maar ek's nie daar nie, ek's in die diens van die Here. En my vrou is nou vier-en-veertig jaar oud, net tien jaar jonger as ek. En ek het ingekom van een van die dienste af, en ek was moeg. Was omtrent 'n bietjie oor (omtrent) twee jaar gelede, reken ek, toe ons hiernatoe gekom het. En ek was uit, en ek was baie moeg.

86 En my seuntjie, Joseph, hy was net heeltemal 'n seun, hardloop buite in die skool waar hy alles hoor. Eendag toe ek inkom, het hy iets gesê, en sy ma ontstel. En—en toe het hy na my toe gehardloop. Nou, sy het geweet, hy het geweet hy sou 'n pak van haar kry.

So sy het vir my gesê, sy het gesê: "Billy, gee hom 'n pak."

87 En hy het sy arms om my gesit, gesê: "Pappa, ek is so jammer." Hy het my sagte plek geken.

En so: "O," het ek gesê: "skat, laat ons dit vergeet. Ek kan nie."

88 En vir ek en die vrou, met hierdie Bybel voor my, het nooit 'n woord in ons lewe gehad nie. Maar meteens, as gevolg van daardie senuweeagtige tyd van die lewe, het sy die deur reg in my gesig toegeklap. En sy het gesê: "Sorg jy dan vir hom vir 'n tyd," en die deur toegeklap, en ingegaan.

89 Ek het gedink: "Arme kêreltjie! Goeiste, sy het alles om deur te gaan, self."

90 Ek het uitgestap, en ek het gesê: "Joseph, kom," het ek gesê. Hom geneem. Ek het gesê: "Pappa moes jou 'n pak gegee het. Jy weet dit. Maar," het ek gesê: "omdat jy bely het. Sien? Maar, onthou, my—my geduld gaan opraak, een van hierdie dae. En daardie, daardie belydenis, jy moet vrugte voortbring wat pas by belydenis, en vir my bewys dat jy dit regtig bedoel. Sien? As jy my liefhet, dan sal jy na my luister."

91 En so het ek uitgegaan, en ek het gesê: "Ek sal die stof van my ruit van my motor afwas." En ek het begin om daardie ruit af te was.

92 En, soos ek het, het 'n Stem gesê: "Draai, en sê vir haar om Twee Kronieke 22 te lees."

93 Ek het gedink: "Ek net—ek net—net . . . Ek het nie geweet hoe ek dit ooit gedink het," nie. Ek het gedink: "Wel, ek het my dit net verbeel." Aanhou was.

94 En Dit het weer gekom, baie hard: "Gaan, sê haar!" Wel, Dit het my bang gemaak.

95 Ek het ingegaan en dit gelees. Julle weet wat dit is? Dis toe Miriam met Moses gespot het, omdat hy met 'n Ethiopiese meisie getrou het. En God het gesê: "Dis beter dat jou vader in jou gesig spoeg, as om dit te doen." Sien? En Hy het hulle ingeroep, gesê: "Gaan, kry Miriam, sy is getref met melaatsheid." Gesê: "Gaan, kry Miriam." En Moses . . . En die Vuurkolom het afgekom in die tabernakel. En Moses het daar gestaan. En God het met hulle gepraat. Hy het gesê: "As daar een onder julle is, wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek die Here Myself aan hom bekend maak. Ek sal met hom praat in visioene, drome openbaar, ensovoorts." Hy het gesê: "Maar My dienaar, Moses, daar is niemand in die land soos hy nie." Hy het gesê: "Vrees julle God nie?" En Miriam, as 'n profetes, is met melaatsheid getref. En Moses het vir haar ingetree, en sy het gelewe.

96 Toe, het dit my bang gemaak. Ek het vergeet. Ek, ek het nie—ek het dit nie opgelet nie, maar Hy het. Hy was die Een wat dit opgelet het. Dit was my vrou, ek sou enige tyd sterf vir haar. Maar

God het dit opgelet. Nou dit is die waarheid, my Bybel wat hier voor my lê.

97 En ek het ingegaan. En sy het in die kamer ingegaan en die deur toegemaak, en het naaldwerk gedoen op die naaimasjien. En ek het geklop aan die deur, en ek het gesê: "Skat, ek wil 'n oomblik met jou praat."

Sy het gesê: "Wat wil jy hê?"

98 Ek het gesê: "Skat, maak dadelik die deur oop. Ek het woord van die Here." Dit het haar soort van 'n bietjie laat skrik, so sy het die deur oopgemaak.

99 En ons het ingekom. En ek het gesê: "Skat, nou jy weet, soveel as wat ek jou liefhet, ek—ek—ek het nooit niks daarvan gedink nie."

Sy het gesê: "Wel, Bill, as . . . Ek's so senuweeagtig!"

100 Ek het gesê: "Ek weet, maar Hy het nie daarvan gehou nie. Daardie, het Hom nie behaag nie. Hy het vir my daar in die boom gesê, daardie boom daar, daardie palmboompie voor die huis daar, om hier in te kom en 'hierdie Skrif te lees' vir jou." En ek het dit gelees.

101 So help my, binne 'n paar dae, het sy 'n pyn in die linkerkant gekry. Ons moes huis toe gaan. En dit het bly erger word. Ek het vir haar gebid. Bly erger word.

102 Ek het haar geneem na my doktersvriend in Louisville, Dokter Schoen, spesialis. Hy het haar ondersoek, gesê: "Mev. Branham, sê vir Broer Branham ek wil hom sien."

Sy het gesê: "Dokter, wat het jy gekry?"

Gesê: "Ek sal hom liewer sê."

103 So Meda het my gebel, en ek het gekom. En hy het gesê: "Broer Branham, sy het 'n sist op die linker ovarium, omtrent die grootte van 'n okkerneut."

En ek het teruggegaan huis toe saam met haar, en ek het gesê: "Onthou jy?"

104 Sy het gesê: "Dit het gebeur met Broer Sharrit, as ek nie verkeerd is nie, daar oorkant in Kalifornië. Jy het dit nou vir my gesê vir sestien jaar."

Ek het gesê: "Dis reg. Nou wys dit net."

Sy het gesê: "Bill, dink jy dis wat ek daardie oggend gedoen het?"

105 Ek het gesê: "Ek weet nie, skat, ek—ek kan net nie sê nie." Wel, ons het ons arms om mekaar gesit en het begin huil, voor die Here. Ek het in die kamer ingegaan en ek het vir haar gebid, met my hele hart.

106 Dokter Schoen, ek het hom teruggebel, ek het gesê: "Dok, wat moet ons doen?"

Hy het gesê: "Moet daar uitkom."

En ek het gesê: "Laat dit net 'n bietjie gaan."

107 Hy het gesê: "Ek sê jou, Broer Branham, miskien moet ek jou liewer stuur na 'n vrouespesialis, met haar, 'n goeie vriend. Hy's ook 'n Christen."

108 Ek het gesê: "Wel, wat van jou, Dok?" Hy wou dit van eie sy hande afkry, sien.

109 Hy het gesê: "Ek sal jou soontoe stuur." Hy het my liefgehad, en hy het my werk vir die Here respekteer. En hy het hierdie ander dokter daarvan vertel.

110 En ek het haar soontoe geneem. En hulle het dit ondersoek, en toe 'n diagram daarvan geteken; 'n diagram geteken en—en wat, net watter grootte dit was. Gesê: "Bring haar terug binne omtrent dertig dae."

111 Binne dertig dae, het ek dit teruggebring, en dit het verander van 'n okkerneut na 'n suurlemoen, so vinnig. En al die jare, het dit so gelê.

112 Toe het die Here met my gepraat, en my weer teruggestuur, ek het teruggekom hiernatoe.

113 Toe, toe ons teruggegaan het op ons ander vakansie, het hulle nog 'n x-straal daarvan geneem, dit was die grootte van 'n lemoen. Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek waardeer beslis jou geloof in Almagtige God." Hy het gesê: "Ek is ook 'n Christen. Dokter Schoen sê vir my dat jy 'n geloofsgeneser is."

114 Ek het gesê: "Hy het net nie verstaan nie. Ek is nie 'n geloofsgeneser nie." Ek het gesê: "Ek glo God net." En ek het gesê: "Ons verstaan hierdie geval."

En hy—hy het gesê: "Mnr. Branham, jy het 'n goeie vrou."

Ek het gesê: "Hoe goed weet ek dit!"

115 Gesê: "As daardie sag word, sal dit kwaadaardig word, en dan gaan jy geen vrou hê nie."

En ek het gesê: "Ek besef dit, dokter."

Gesê: "Is jy daarteen dat dit uitgehaal word?"

116 Ek het gesê: "Nee, meneer. Maar," het ek gesê: "ons het 'n rede. Laat dit net nog 'n rukkie langer aangaan, sal jy?"

117 En hy het gesê: "Wel, ek sal jou sê." Gesê: "Hulle sê jy woon nou in Tucson." En hy het vir my gesê, die spesialis, gesê: "Hy's 'n vriend van my." Gesê: "Ek het na Tucson toe getrek, en daar probeer woon, eenmaal." Hy het gesê: "Dit was 'n bietjie te droog vir my." Gesê: "Hierdie man is die beste wat daar is, wes van die Mississippi." So hy het gesê: "Ek gaan die x-strale en diagram, en alles, oorstuur na hom toe." So, hy het dit afgestuur na Tucson.

118 En die man, toe hy hier oorkant kom, dertig dae later, het ons weer daarna gekyk, die man het. En hy het gesê: "Dis die grootte van 'n pomelo, raak baie groot. Dit moet uitkom, dadelik."

119 Wel, ek moes gaan. Ek het opgegaan na die noorde, en op my vakansie gegaan. Teruggekom, en na New York toe gegaan, na New York Stad, na Morris Ouditorium, vir 'n herlewing. Op die pad terug, moes ek stop in Louisiana, by Broer Jack Moore.

120 Ek het die vrou gebel, die aand aan die verbygaan, en sy het gesê: "Skat, môre moet ek weer na die—die dokter toe gaan, vir 'n ondersoek." En sy het gesê: "Bill, ek was nie in staat om my linkerbeen te beweeg, hierdie week nie. Dit steek regdeur my rok." Uit soos *hierdie*, was uitgeswel, vinnig gegroei. En gesê: "Dis so seer, ek kan nie eens my hande daarop sit nie." Gesê: "Hierdie week moes ek net een been uitsteek, op 'n keer, en so beweeg."

121 En ek het gesê: "Skat, hy sal dit wil uithaal." En ek het gesê: "As hy dit doen, sal dit dit regdeur Kerstyd wees; ons kan nie hiernatoe terugkom, terug huis toe nie."

En sy het gesê: "Ek weet dit." Sy het gesê: "Wel, wat moet ons doen?"

122 Ek het gesê: "Wel, sê jy net vir hom, as hy 'dit net sal los tot na Kersfees.' Dan sal ons dit laat uithaal, onmiddellik na Kersfees. Want, ek wil hê jy moet weer huis toe kom voordat jy na die hospitaal toe gaan."

123 En nou het sy gesê: "Nou, ek gaan môre, omtrent drie-uur," so-iets. En dit sou anders wees in ons tyd. Sy het gesê: "Jy sal dan jou eerste diens in Shreveport hê, dan bel jy my, daarna."

Ek het gesê: "Goed."

124 'n Damesvriend daaronder, 'n baie gawe Christenvrou. Hulle was hier Sondag, ek dink nie hulle is vanaand nie. Hulle sal kom. Norman, Mev. Norman. Sou julle hier wees, Mnr. en Mev. Norman? Ek weet nie of hulle hier is, of nie, Broer en Suster Norman, van Tucson. Sy was die een wie . . . Ek dink hulle kan nie elke aand kom nie, so sy sal môre-aand hier wees, veronderstel ek. Is daar 'n Broer, Suster Norman se broer hier? Ek dink hy kom. Is hy hier? Daar's . . . Die familie, enige van die familie hier, die Norm- . . . ? O, ja, sekerlik. Daar is hulle, agter aan die agterkant. Ja. Goed. Sy het die vrou soontoe geneem.

125 Nou die oggend wat ek vertrek het, by ons huis, moes ons altyd opstaan, en wanneer ons sou gaan bid; wanneer ons sou vertrek, sou ons die kinders en almal van ons neem, om die prent van Jesus staan, in ons voorkamer, Hofmann se *Hoof van Christus op Drie-en-dertig*. En ons sou almal daar rondom vergader, die kinders, en elkeen van hulle sou vir my bid. Die vrou sou vir my bid, en dan bid ek vir haar. Dan sou ek oorsee gaan, waar ook al dit is. En ons vertrou onsself toe aan die Here, tot Sy diens.

126 Julle weet, ek het 'n vrou verloor, eenmaal, toe ek 'n seun was, Billy se ma. En ek was daar in die huis vir twee of drie dae, en, julle weet, die kindertjies en almal daar, en almal toe weg. Dit was eensaam. Dit het al daardie herinneringe teruggebring.

127 En daardie oggend, vroeg, het ek opgestaan, Billy en Loyce het vir my daar gewag. En ek het gekniel, en hierdie ou stoeltjie nadergetrek, klein ottoman. Gekniel, opgekyk, en ek het gesê: "O, hoe ek hulle mis!" Ek het gesê: "Hemelse Vader, ek is nou op my pad na Shreveport, ek bid dat U my daaronder sal help. En seën my, gee my siele, Here, vir U Koninkryk. Gebruik my op enige manier wat U wil. Ek is in U hande." Ek het gesê: "Ver oorkant die woestyne, is my getroue vroutjie, wat wag vanmôre. Sy gaan soontoe, om gereed te maak vir daardie operasie." Ek het gesê: "Here, ek het vir haar gesê gisteraand: 'Vra die dokter om dit uit te stel tot na Kersfees.' Het ek verkeerd gedoen? Sal daardie kwaadaardig word? As ek dit gedoen het, en haar gevra het om daardie dokter te smeek: 'dit af te stel,' en, tussen daardie tyd, sou dit kwaadaardig word en ek haar verloor, sou ek myself nooit daarvoor vergewe nie."

128 Ek het gesê: "Here, ek het nou met U gepraat vir hierdie twee jare, ja, sestien jaar, maar," ek het gesê: "die laaste twee jaar vandat dit gebeur het." Ek het gesê: "Vader, sy het nooit nagelaat om 'n ware vrou vir my te wees nie. Wanneer ek gereed maak om na die dienste te gaan, nooit een keer het sy ooit gekla nie, nie een keer nie. Altyd my klere skoongemaak, en my hemde gewas, en alles, en hulle alles gereed gehad vir my. En dan wanneer ek huis toe kom, ek so moeg is, ek kan nie . . . En dis, gewoonlik, wil 'n vrou hê haar man moet by haar wees. En ek kom in, mense wat saamdrom, wat doen ek? Vertrek op 'n jagtog of 'n visvangtog. Het sy ooit gekla? Nie een keer nie. Gaan kry my klere gereed, en laat my voortgaan: 'Dis alles reg.' Die arme vroutjie, vyf-en-veertig jaar oud, sneeu-wit-kop, wat tussen my en die publiek staan." Ek het gesê: "God, sy het dit nie bedoel, daardie oggend nie. Sy het dit regtig nie bedoel nie, Vader. Haar aksies wys sy het dit nie bedoel nie. Sy was net senuweeagtig."

129 So help my, vir die vyfde keer wat dit gedoen is! Van die eekhorings af; en toe onder in Kentucky; toe die Wright kinders daaronder; toe daardie storm op die berg, waarvoor ek nie vanaand tyd het om julle te vertel nie; en hierdie keer, net so seker! Daar het daardie Lig gekom, wat daaronder gehang het, en Dit het gesê: "Staan op jou voete." En ek het opgestaan. Hy het gesê: "Wat jy ook al sê, dis hoe dit sal wees."

130 Ek het gesê: "Die hand van God sal die gewas laat oplos voor die dokter se hand daaraan kan raak."

131 Ek sal Mev. Norman môre-aand hier hê. Ek het haar nooit gebel nie, dit was reg . . . Billy en Loyce het vir my gewag. Ons

het voortgegaan na Shreveport, om die foon gestaan om haar te bel toe ons daar gekom het.

132 Sy het na die dokter toe gegaan. En Mev. Norman moes haar oorhelp, en die verpleegster, in die kamer, om haar kamerjas aan te trek, om uit te kom vir die tafel. En hulle het die masjiene naderbeweeg, met die diagramme en x-strale en dinge. Hy het gesê: "Hoe het jy gevoel, Mev. Branham?" Hy het gesê . . .

133 En, die dokter, ons het die brief oopgemaak, om te kyk wat hy daarin geskryf het, vir hierdie dokter. Gesê: "Mev. Branham is 'n baie goeie vrou, en haar man is 'n goeie man. Hy is 'n geloofsgeneser, maar hy verskil nie van jou om te opereer nie. Dokter, dit moet dadelik uitkom!" Dis, ons het dit gelees, sien: "Daardie gewas moet dadelik uitkom, of Mev. Branham sal sterf."

134 En toe net toe die dokter uitkom, om die laken oop te maak, om haar sy aan te raak, het Iets baie koels oor haar gegaan, en die gewas was weg. Daar is geen gewas nie. En die dokter . . . Sy het daar gelê, en hy het aangeraak, hy het gesê: "Mev. Branham, daardie gewas was aan die linkerkant, was dit nie?"

Sy het gesê: "Ja, meneer, dit was."

135 So hy het haar weer onder die x-straalmasjien gesit, hy het gegaan en sy diagramme gekry, en weer regdeur die ondersoek gegaan. Hy het gesê: "Mev. Branham, ek kan dit nie verklaar nie, maar daardie gewas is nie meer daar nie. Daardie gewas is weg."

136 Nou, dis die waarheid, so help my! God Almagtig, wat hier staan, weet dis die waarheid. Sien, net soos dit gesê is! Maar "die dokter se hand," het sy gesê: "was nie *so* ver" van haar nie, voor Iets koels oor haar gegaan het nie. Sy kon kwalik . . . Moes gehelp word deur Mev. Norman en hulle, (en die mense daaragter kan vir julle daarvan vertel), op die tafel gehelp word. En die diagram en die x-strale daarvan, en alles daar, van die gewas. En daar was nie een teken daarvan nie. En sy het nog nie sedertdien 'n simptoom gehad nie. En dit was omtrent twee weke voor Kersfees.

137 God bly steeds getrou aan Sy Woord! "Beide Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nie verbygaan nie." God, Wie eekhorings kan skep, Wie gewasse kan wegneem, Hy is steeds dieselfde God vanaand, want Dis Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hemelse Vader, Wie my getuie is, met hierdie Bybel oor my hart, weet dat woord vir woord daarvan so waar is as wat ek weet hoe om dit te sê. Wat sal dit my help om iets verkeerd te sê, vriende? Waarvoor sê ek dit? Dat dit julle mag aanmoedig om te glo.

138 Nou, daardie groot gawe! Ander het ek probeer verduidelik en sê hoe dit is. Hierdie kan nie verduidelik word nie. Wag net. Dit sal nie nou so volmaak in werking wees nie. Wag totdat daardie Raad van Kerke daardie vervolging begin, dis wanneer

dit sal gebeur. Dis waarom ek teruggekom het onder julle, om te bid vir die siekes. Daar was nog net een ding wat Hy my ooit in my lewe vertel het waarvan ek weet, wat nog nie gebeur het nie, dat een of ander soort van 'n gebou of 'n tent waar daar 'n klein geboutjie sou wees en ek sou daar moes ingaan en bid vir die siekes. Dit het nog nie gebeur sover ek weet nie. Dis die enigste ding wat ek weet.

139 En wanneer Hy daardie Woorde sê, om dit te sê, die Hemelse Vader weet dat ek hier staan vanaand en Hy kan my net hier doodmaak op hierdie platform. Ja, meneer, Hy kan dit beslis doen; en ek weet dit, ek is baie bewus daarvan. En ek weet daar is soveel stories vandag, daardie, ek—ek is nie verantwoordelik vir hulle nie. Ek is net verantwoordelik vir wat ek sê. Ek, ek moet antwoord vir wat ek sê. En dit is die Waarheid. En die Hemelse Vader weet dat dit waar is.

140 Nou sal julle glo Jesus Christus die Seun van God het gesterf vir julle sondes, en is ter wille van julle oortredinge deurboor, deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom? Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] In hierdie dag, wanneer net lyk asof alles swart is, en donker en dof, maar steeds bly Jesus dieselfde! Glo julle dit nie? ["Amen."] Hy is hier vanaand!

141 Ek wil hê iemand moet opstaan en vir my enigiets sê wat ek ooit gespreek het in die Naam van die Here, behalwe dat dit nie plaasgevind het nie. En hoeveel honderde kere het julle Hom dit sien sê, Dit nooit gefaal het nie! Wat probeer ek julle vertel? Dis totaal onmoontlik vir 'n mens om dit te doen. Dis Jesus Christus onder die mense. Dis Christus onder ons.

142 Vandag, wanneer denominasies sê: "Kom *hiernatoe*, en kom *daarnatoe*," dis die ou trant van een of ander skool of iets; wat heeltemal in orde is, dit moet daar wees, dis deel van die simfonie.

143 Maar, vir my, lewe Hy vanaand, net so kragtig en sterk, om elke Woord 'n werklikheid te maak, wat Hy destyds gedoen het.

Laat ons bid.

144 Here Jesus, U het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, My Woorde sal nie." Dis hoe die dissipels geweet het dat U was Wie U was, omdat U die gedagtes onderskei het wat in die hart was. Die Bybel het gesê, in Hebreërs 4, dat: "Die Woord van God skerper is, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, selfs 'n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart." Die Woord van God in die profete, het dieselfde ding gedoen. In al die wyses wat verby is, het dit dieselfde ding gedoen. In die Here Jesus Christus, het Dit dieselfde ding gedoen. Vader, God, laat U Woord spreek, vanaand, dat die siekes kan sien dat U geïnteresseerd is in hulle genesing, en hulle genees het, Vader, en laat hulle geloof hê om dit te glo. In Jesus se Naam. Amen.

145 Nou terwyl die pianis en orrelis, as julle sal, sag, baie sag: "Glo Net."

146 En, Billy, ek het vergeet om jou te vra, watter nommers het jy uitgegee? [Broer Billy sê: "A, een tot 'n honderd."—Red.]

A, een tot 'n honderd. Laat ons begin staan.

147 A, nommer een tot nommer vyf, staan op as julle kan. As julle nie kan nie, steek net julle hand op. Nommer een tot nommer vyf. Een, twee, drie, vier, ek reken dis dit. Kom reguit oor hiernatoe. Een, twee, drie, vier, vyf, A. Terwyl hulle kom, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, staan as julle kan. Ses, sewe, agt, nege, tien, sal julle opstaan. Gebedskaarte, ses, sewe, agt, nege, tien. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Goed, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Kom reguit hiernatoe, hou net aan kom. Dis reg. Goed, sestien, sewentien, agtien, negentien, twintig.

148 Nou, die seuns kom af, party van hulle, gee kaarte uit, en maak hulle almal deurmekaar, ons weet nie waar die nommers is, of niks nie. Julle sien dat hy dit doen, self, die kaarte deurmekaar maak. Hy gee vir julle watter kaart julle wil hê, en—en dat julle net geroep word volgens die kaarte.

149 Julle hoef nie noodwendig 'n kaart te hê nie. Glo net, waar julle ook al is. Julle was in die dienste, julle weet, julle weet waaroor dit alles gaan. Goed.

150 Waar was ek, gelos, twintig? [Iemand sê: "Twintig."—Red.] Twintig, een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig. Goed.

151 Hoeveel is siek en het nie 'n gebedskaart nie, laat ons julle hande sien. Goed. Oral daarbinne in die gebou, goed, glo nou net.

152 Nou wat probeer ons sê, wat probeer ons voorstel? Jesus Christus. Hoeveel verstaan dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel weet dat in die dae van Sy besoek aan ons, op die aarde, dat Hy God gemanifesteer was in—in 'n liggaam genaamd Jesus, dit God in 'n Man was? Dis reg. Nie net 'n profeet nie; Hy was God! En Hy. . . Die profete het hulle deel van die Woord gehad, hulle *deel* van die Woord, die deel wat aan hulle gegee was vir daardie eeu. Maar Hy was die volheid van die Woord! Hoeveel weet dit? ["Amen."] Hy was die Woord Self. Nou daar is 'n bepaalde deel van die Woord vir vandag. Is dit reg? ["Amen."] Dit sou weer Hy wees. Is dit reg? ["Amen."] So dit maak Hom dieselfde gister, vandag!

153 Hoeveel het ons? [Iemand sê: "Vyf-en-twintig."—Red.] Vyf-en-twintig, laat ons net dit. Nou, as ons enigsins verder gaan as daardie, en julle wil, daar enige tyd oor is, ek het omtrent vyf-en-twintig minute, of iets. Ons bring. . . Nou onthou, as daar mense hierbinne is, wat gebedskaarte het, hou daardie gebedskaart. Ons gaan bid vir elke persoon wat kom, wat kom en 'n gebedskaart kry, as julle net by ons sal bly. As ek moet

aangaan, dag en nag, sal ek hulle kry. Met die hulp van die Here, sal ek hulle sekerlik kry.

154 Nou as julle net vir my julle onverdeelde aandag sal gee! Nou hoeveel hierbinne, wat daarbuite sit, wat glo dat julle genoeg geloof het om Hom aan te raak? Dis baie goed. Ja. Nou laat ons dit nie tevergeefs laat wees nie, vriende.

155 Nou daar is 'n dame wat *hier* sit in 'n rystoel, en daar is man wat *daar* sit in 'n rystoel. Ek kan sien hulle is siek. Natuurlik, hulle is miskien nie siek nie, maar hulle is beproef. Moenie mismoedig wees nie, suster en broer. Julle weet, as ek kon, as ek julle kon genees, weet julle ek sou dit kom doen, nie waar nie? Ek sou beslis. As ek nie sou nie, sou ek geen—sou ek geen besigheid gehad het om hieragter te staan nie. As ek wreedheid in my hart het; wat jou uit *daardie* rystoel kon haal, en jou uit *daardie* rystoel, en dit nie doen nie, sou ek 'n wrede persoon wees.

156 "Wel," jy sê: "met 'n gawe van God, moet jy dit in elk geval doen." Wag 'n oomblik. Nee, dis hoe julle nie die Skrif reg lees nie.

157 Jesus het deurgegaan waar daar duisende kreupeles, verlamdes, blindes, krankes, en uitgeteerdes was, en dit nooit aangeraak nie. En gegaan na 'n man wat miskien 'n prostaat-toestand gehad het, of iets. Hy was vertraag, hy het dit vyf-en-dertig jaar gehad. Hy kon loop. Kon . . . agt-en-dertig jaar, glo ek was dit. Sien, daar is party van julle . . .

158 Natuurlik, wat as dit my vrou was wat *daar* gesit het, of my ma, my vrou, my dogter; sien, of my broer, my pa wat *daar* gesit het? O, as enigiets gedoen kon word, wil ek dit beslis gedoen hê. Sien?

159 Maar, julle weet, daar mag iemand wees wat *hierlangs* sit, baie gesond lyk, wat baie nader aan die dood is as wat *hulle* is; met 'n hartprobleem of kanker, sien, baie nader aan die dood. Maar is dit moeiliker vir God om die kanker te genees of die kreupel? Daar's geen verskil nie. Hy vereis net: "As jy dit glo."

160 Nou, vir myself, om vir jou te wys dat dit nie ek kan wees nie. Ek sou dit net nou kom doen. As ek dit kon doen, sou ek 'n afwys daaruit maak, reken ek. Ek sou sê: "Laat ek hierdie man en vrou hiernatoe bring op die platform, vir julle wys watter groot dienaar van Christus ek is." Ek sou een of ander soort woorde oor hom sê: "Staan nou op en stap weg!" Sien, ek sou dit graag wil doen. Al die skare sou net skree en sê: "Prys God! Watter groot magtige dienaar van God is Broer Branham!" Sien? Nee, dis, dit sou verkeerd wees, sien.

Maar nou kan Jesus albei van hulle gesond maak, vanaand.

161 Maar, sien, wanneer 'n persoon net 'n bietjie kreupel word, begin hulle dink, ver onderin, (hulle wil dit nie dink nie), maar ver onderin, begin hulle dink: "Ek kan nie gaan nie, sien, ek—ek

kan dit nooit maak nie." Moet dit nie doen nie. Moet dit nie doen nie. Sien, glo jy dit. En as ek kon, sou ek . . . Maar, nou, as jy net al die twyfel uit jou hart kry, moet net niks laat inkom wat sou verhinder nie.

162 [Leë kol op band—Red.] Opgetrek en beproef, van geboorte af; net uitstrek, en wegstap, normaal en gesond. Sien? Dis verklarings, dokters en Mayo Broers. En julle het dit gesien in *Reader's Digest*, nie lank gelede nie, Donny Morton, *Die Wonderwerk van Donny Morton*. Daardie kindjie net daar in Kalifornië, by die Gemeentes van God, daaronder by daardie skool, Suidwes Bybelskool, daardie kind was so verdraaid en beproef totdat selfs John Hopkins en Mayo Broers gesê het: "Daar's geen aardse kans vir hom nie." Maar die Here is SO SPREEK DIE HERE. Dit was anders, sien.

Moenie gaan, sonder hoop nie.

163 Nou, nou vir die volgende paar minute, gaan ons nou bid. Dit het omtrent twaalf minute geword, miskien kan ons die gebedslyn deurkry. En nou as ek daardie deurkry, miskien, en nog 'n bietjie tyd het . . . Ek het belowe om te verdaag om negedertig. Hou julle dit dop. Goed. Dan sal ons, wat ons vanaand mis, sal ons môre-aand optel.

164 Nou sal almal bid. En julle almal daarbuite wat nou, wat, nie gebedskaarte het nie, of gebedskaarte het, wat dit ook al is, begin julle net bid. Sien, julle geloof sal net presies doen wat Jesus gedoen het in die dae wat verby is. Jy kan Sy kleed aanraak. Nou as almal net baie eerbiedig sal wees, moenie rondbeweeg nie. Wees baie eerbiedig, net vir 'n tydjie.

165 Kom, meneer. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. As ek jou kon help, sou ek dit doen. Jy, jy weet dit. Ek—ek sou bly wees om dit te doen, maar ek kan nie. Om die waarheid te sê, dis vir iemand anders wat jy staan, wat voor gebid wil word. [Die man sê: "Ja, meneer."—Red.] Jy glo God kan hom genees? ["Ja, meneer."] Hulle is nie teenwoordig op hierdie tyd nie. ["Nee, meneer."] Hulle is weg van hier. ["Ja, meneer."] Dis 'n kankergeval. ["Ja, meneer."] Is dit reg? ["Ja, meneer."] Glo jy hulle sal genees word? ["Ja, meneer. Ek glo."] Gaan, en dit sal gedoen word, as jy dit glo. Dis al wat jy hoef te doen. Is dit nie wonderlik nie? God seën jou.

166 Aangename kennis. So ons is vreemdelinge vir mekaar. Net 'n man wat hier ingestap het. Ek ken jou nie, jou nog nooit gesien nie. Maar, en jy's hier . . . *Hierdie*, hierdie kosbare Bybel, Dit bevat die belofte; dit is, Daardie is God se Woord. [Die man sê: "Dis reg."—Red.] En die Bybel sê, Daarin, dat: "Die Woord van God onderskei die gedagtes, begeertes, en oorlegginge van die hart, ensovoorts, spreek beide hierdie Woord wat geskrewe is, bevestig Dit as die waarheid, deur vooraf te spreek, en God wat Dit werklikheid maak." ["Amen."] Soos Hy gesê het: "Laat

daar lig wees," en daar was lig. ["Dis reg."] Ek sê dit net, om met jou te praat, soos ons Here gepraat het met die vrou by die put, soos Hy Simon gesien het, ensovoorts.

167 Jy het 'n paar probleme gehad. Jy het 'n operasie gehad. Dit het weer oopgebars. [Die man sê: "Dis reg."—Red.] Jy verstaan waar ek bedoel, en waarom ek dit nie net hier kan sê nie. ["Ja, meneer. Dis reg."] En jy verstaan waarom. Is dit reg? ["Dis reg."] Dis reg. Ek kan dit nie hier sê nie, maar jy weet. Ek het jou gevoel net toe, toe jy gedink het: "Ek wonder of hy dit gaan sê, of óf," soos dit. ["Dis reg."] Nee, ek sal dit nie sê nie, want ek kan dit nie hier sê nie. Maar dit sal nou alles reg wees. ["Dankie, Jesus."] Gaan, glo dit. Hê geloof in God.

168 Aangename kennis, dame. Glo jy Jesus Christus, die Seun van God? Glo jy dat ek Sy dienaar is? [Die vrou sê: "Ek glo beslis!"—Red.] Ek waardeer dit. As daar enige manier is om jou te help, sal ek dit doen. Daar's net een manier wat ek jou kan help, dis deur wat ek sien. Ek kan net . . . Wat ek sien, dit dan te sê. As ek dit nie kan sien nie, wel, dan ek . . . Ek kan dit nie sê, natuurlik, totdat ek dit sien nie, want dit moet van Hom af kom. Dis 'n Goddelike . . . Dis 'n Goddelike gawe van God, wat van God af kom.

169 Jou probleem is in jou oog. Jy het 'n groeisel in jou oog. Kan dit nie sien nie, maar dis in jou linkeroog. [Die vrou sê: "Dis reg."—Red.] Dat jy dit nou mag weet, deurdat iemand daarbuite dit mag sê. Ek sien sy het nog probleme. Sy het 'n probleem met haar linkerbors ook. ["Dis reg."] Dis reg, is dit nie? ["Dis reg."] Nou jy weet. Hier, as dit jou sou verwar, laat ek vir jou sê. Jy's nie van hier nie. Jy's van weg van hier. Jy's van Louisiana. ["Dis reg."] Gaan terug, en glo God, en jy kan daarvan genees word. Amen. Glo, met jou hele hart. Hê geloof in God. Moenie twyfel nie. Glo net.

Aangename kennis? Jy's regtig bedruk.

170 *Daardie* man ly net daar aan verdrukking, ook; soort van gryskop, met 'n grys pak aan, wat sit, na my kyk. Het verdrukking, het jy nie, meneer? Dit het jou nou verlaat. Dis alles verby. Prys God!

Wat het hy aangeraak? Nie vir my nie.

171 Dit het selfs daardie man, agter hom, 'n bietjie moed gegee. Jy wou nie glo jy het TB gehad, komplikasies nie. Aanvaar jy nou Jesus as jou Geneesheer? Goed, jy kan jou genesing kry. Amen. Glo dit met jou hele hart. Amen. Dis hoe om dit te doen. O, hoe wonderlik!

172 Glo julle, almal van julle? Daardie mans vanaand, wat reg langs die ry manne afgaan!

173 Die man wat reg agter hom daar sit, wonder oor dit alles. Jy het artritis. Glo jy dat God dit sal gesond maak? Jy glo? Dan kan jy dit kry! O, goeiste!

174 Vroue, julle . . . Dis reg in die mans, lyk dit, gaan net reg met die mans langs vanaand. Wonderlik! Dank God!

175 Hier's nog 'n man, wat hier reg oorkant sit, met 'n dubbelbreuk. Glo jy dat God daardie breuk sal gesond maak? Amen. Jy kan dit kry.

176 Die ander man, tweede agter hom, het ook 'n breuk. Glo jy, meneer? Jy kan dit kry, ook, as jy dit net sal glo. Amen. Halleluja!

177 Glo jy God? Hê net geloof. Moenie twyfel nie. Daar's geen afstand, vir God nie. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hier is 'n man wat reg hierdeur sit. Ek wys my vinger reg na hom. Hy dra bril, gryskop. Hy's 'n diabeet. As hy sal glo, met sy hele hart, sal God hom genees. Sy vrou sit daar net langs hom. Ja, plaas jou hand oorkant op haar, sy het kolonprobleme. Plaas jou hand oorkant op haar, en glo met jou hele hart, en julle albei kan genees word.

Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

179 Jou probleem is 'n bloedklont. Dis in jou linkerarm. [Die vrou sê: "Dis reg."—Red.] Jy het kanker gehad. ["Dis reg."] Is geopereer. ["Ja."] Hulle het vir jou sekere medikasie gegee. ["Ja."] Die medikasie het die bloedklont hier laat inkom, in 'n ernstige toestand. Glo jy dat God jou sal genees? ["Ek glo."] Dan soos jy geglo het, so laat dit gedoen word vir jou. In die Naam van die Here Jesus, mag sy genees word.

180 Lyk soos 'n gesonde vrou, sterk. Glo jy Jesus Christus, die Seun van God, lewe? [Die vrou sê: "Ja, ek glo."—Red.] Glo jy dat Hy hier is vanaand? ["Ja, ek glo."] As ek vir jou iets kon sê wat fout is met jou, sou jy Hom glo met jou hele hart? ["Ja."] Jy's op vir 'n operasie. ["Ja."] Dis vroueprobleem. ["Ja."] Damesprobleem. ["Ja."] Jy moet 'n operasie kry. ["Ja."] Jy het iemand saam met jou, wat regtig 'n operasie nodig het, ook, 'n jonger persoon. ["Ja."] Dis reg. ["Ja."] Dis presies reg. Dan, het jy iemand waarvoor jy bid, dis jou man. ["Ja."] Hy's ongered. ["O, ja!"] En hy' nie hier nie. Glo jy met jou hele hart, en hy sal gered word, en jy sal nie die operasie hoef te hê nie. ["O!"] Gaan nou en glo, met jou hele hart. Amen. Amen.

Hê geloof in God!

181 Ek kan sien hoe jy loop. Net God genees kanker. Maar God weet hoe om dit te doen. Glo jy dat Hy dit vir jou sal doen? [Die vrou sê: "Ja. Ja."—Red.] Dan lê ek my hande op jou, my suster, in die Naam van Jesus Christus, vir jou genesing. Amen. Gaan nou, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart.

182 Kom, suster. Asmatoestand, damesprobleem. Glo jy dat God jou gesond maak? [Die vrou sê: "Ek glo."—Red.] In die naam

van Jesus Christus, gaan en word genees, tot die eer van God. Amen. Goed.

183 Diabeet. Glo jy dat God jou sal gesond maak, jou genees en maak . . . en jou gesond maak? [Die vrou sê: "Ja, ek glo dit."—Red.] In die Naam van Jesus Christus, gaan en word genees. Nou as jy God glo, hande oplê soos daardie, moet dit gebeur.

184 Ja, meneer, rugprobleem en maagprobleem. Glo jy dat God jou sal gesond maak? [Die man sê: "Ja, meneer."—Red.] Gaan dan, in die Naam van Jesus Christus, en word gesond gemaak tot die eer van God.

Almal glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

185 Aangename kennis, meneer. Natuurlik, jy sien jy het klierprobleme, en dit het jou hartprobleme laat kry. Glo jy dat God jou hart sal genees en jou gesond maak? [Die man sê: "Amen."—Red.] Gaan, in die Naam van Jesus Christus, en word gesond.

186 Ek wil julle iets wys. Ek sal hierdie horlosie afhaal, dit afhaal. Glo jy dat God longprobleme kan genees, en jou gesond maak? [Die vrou sê: "Ja."—Red.] Goed, Hy kan beslis. Het jy gesien hoe dit gebeur het? Goed, die Here seën jou, gaan en word gesond gemaak, in die Naam van Jesus Christus.

187 Nou laat ek jou hand neem. Ek wil hê jy moet na my hand kyk, gewoon soos baie mans se hande. Is dit reg? Ek sit my hand nou daarop, nou het dit verander, swel op, klein bultjies wat daaroor loop. Het maagseer. Glo jy dat God dit sal gesond maak? Aanvaar jy nou jou genesing? [Die man sê: "Ek glo."—Red.]

188 Here God, in die Naam van Jesus Christus, genees die man. Vir hierdie oomblik, Here, neem dit weg van hom, dat hy mag sien en weet dat dit waarheid is. Ek . . . Dis geskryf in die Bybel: "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle wat glo." Here, ek glo. In die Naam van Jesus Christus, laat hierdie duiwel uit my broer gaan. Amen.

189 Laat ons jou hand weer sien. Nou lyk nie soos dit het nie, lyk dit? [Die man sê: "Nee, dit lyk nie."—Red.] Jy's genees, gaan, wees gesond!

190 Asmatoestand. Glo jy God sal dit gesond maak? [Die man sê: "Ja."—Red.] Gaan en haal asem, in die Naam van die Here Jesus Christus, en word gesond gemaak. Amen. Hê geloof.

191 God genees rugprobleem, en maak man gesond. Glo jy dit? [Die man sê: "Amen."—Red.] Goed, gaan op jou pad, en sê: "Dank U, Here Jesus. En ek sal gesond gemaak word!" ["Halleluja!"] Moet net nie twyfel nie; met jou hele hart. Amen.

192 Wat as ek vir jou gesê het jy is genees in die stoel, sal jy dit glo? [Die man sê: "Ja."—Red.] Goed, gaan net op jou pad, blymoedig, en sê: "Dank U, Here Jesus," en jy sal kry waarvoor jy gevra het. Goed.

193 Kom, meneer. Glo jy? [Die man sê: "Ja, ek glo."—Red.] Ek wil vir jou wys, sodat dit sal wys op jou hande. Sê my . . . Kyk na my hand hier, niks verkeerd daarmee nie. Sien hierin? ["Niks nie."] Nou verander dit wel, dit het opgeswel, soos wit goedjies wat daaroor loop. ["Ja."] Sal jy graag jou aandete wil eet en weer goed voel? ["Ja."] Glo jy jy kan? ["Ja."] Glo jy hierdie dinge wat jy sien kom van God af? ["Ja, ek glo beslis."] Nou kyk reguit terug na jou hand . . . my hand weer, dit is nie nou daar nie, Dan, gaan eet. Jou geloof het dit gedoen, broer.

194 Laat ons sê: "Prys die Here," almal. [Gemeente sê: "Prys die Here!"—Red.] Hy bly dieselfde gister, vandag! Glo julle ons lê ons hande op die siekes, sal hulle gesond word? ["Amen."] Sekerlik, glo julle!

195 Glo jy dit, suster? [Die vrou sê: "Ja, meneer."—Red.] In die Naam van Jesus Christus, gaan en word genees en gesond gemaak, tot die—tot die eer van God. Amen.

196 O Here God, Skepper van Hemele en aarde, met al die dinge wat aangaan hier in die gebou vanaand, weet ons dat U hier is. Laat die Krag van God my suster gesond maak, tot U eer. Amen.

197 Kom nou, glo. Glo jy met jou hele hart? [Die vrou sê: "Ja."—Red.] Jy hoef nou nooit kreupel te wees nie. In die Naam van Jesus Christus, mag sy gaan en genees word, tot die eer van God. Amen. Gaan nou, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart.

198 Beide hart en maag; maag veroorsaak die hart. Here Jesus, maak my broer gesond. In die Naam van Jesus Christus, bid ek. Amen.

199 Dis hoe ons dit altyd gedoen het, 'n lang tyd gelede, gebid het, julle weet.

200 Nou jy het regtig niks om oor senuweeagtig te wees nie, het jy? Het jy? Niks nie. Maar jy is, in elk geval. Dis reg. Almal van hulle daarbuite, omtrent almal van hulle, het dieselfde ding. Hulle het. Laat ek vir jou wys.

201 Hoeveel is senuweeagtig daarbuite? Lig op julle hande. Steek julle hande op.

202 Hoe sou jy daardie klomp roep? Sien, kan dit nie doen nie. Maar laat ek jou wys dat God die Geneesheer is, want ek weet jy gaan genees word. Sien? Om die waarheid te sê, dis alreeds verby, net nou. Dis reg. Amen. Daardie skaduwee het van haar af weggegaan, net daar. Gaan aan, juig, en sê: "Prys die, Here!" Amen.

203 Sal jy nie graag weer goed wil asemhaal nie? En, ja, sou dit nie wonderlik wees nie? Jy glo Hy kan? [Die vrou sê: "O!"—Red.] Dan gaan op jou pad en doen dit. In die Naam van Jesus Christus, mag dit gedoen word. Amen.

204 Nou jy weet jy moet hulp hê, of sterf. Dit sal jou doodmaak as jy nie hulp kry nie. God is hier om jou te help. Glo jy dit?

Laat ek wys wat 'n bose ding dit is. Laat ek jou hand hier kry. Jy's bewus daarvan, dit was 'n kanker. Jy was bewus jy het die kanker gehad? [Die man sê: "Ja."—Red.] Sal jy met jou hele hart glo, saam met my?

Hierdie man moet sterf as God hom nie genees nie. Dit was kanker.

205 O God, die Woord sê: "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." En as U dit vir andere gedoen het, Here Jesus, doen dit vir hierdie man hier. Laat die Krag van Almagtige God oor hom kom, en sy lewe red, tot die eer van God. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

206 Gaan en vergeet daarvan, sê net: "Dank U, Here," en gaan en word genees tot die eer van God.

207 Nou jy het regtig 'n operasie nodig, dis reg, van 'n gewas. Maar as God, die gewas uit my vrou kan wegneem, kan dit uit jou wegneem. Glo jy dit? Glo jy dat daardie storie waar is, wat ek 'n rukkie gelede vertel het. Hier is my hand wat hier op die Bybel lê, dat dit waar is. Nou jy weet die Heilige Gees is hier. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie. En as ek jou kan sê wat die probleem is, moet dit Iets hier wees wat my sê. Wel, daardie selfde Ding het die gewas uit my vrou gehaal, sien. Nou glo jy, deur net as ek bid en my hande op jou lê, die gewas jou sal verlaat? Jy gaan dit glo met jou hele hart? Goed, kom hier.

Almal van julle glo nou saam met my.

208 Here Jesus, laat U genade en barmhartigheid op die vrou wees. Soos ek hande op haar lê, en in die lig van God se Woord, mag hierdie gewas veroordeel word, en mag die vrou lewe tot die eer van God, in Jesus Christus se Naam. Amen.

209 God seën jou nou. Gaan, gelowig, sê: "Dank U, Here," en dit sal alles weg wees.

210 Nou hoeveel is. . . Ons is drie minute oor die tyd. Ek het dit gemaak, behalwe vir drie minute. Ek sal reg wees môre-aand, Carl.

211 Hoeveel het die Here nou lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel glo dat hierdie mense genees is? ["Amen!"] Môre-aand sal ek probeer om dit 'n bietjie anders te maak, en weer vir julle almal wys hoe dit werk en hoe dit opereer, as die Here wil. En nou seën die Here elkeen van julle.

212 Is daar enigiemand hier wat oortuig is dat hulle 'n sondaar is, en hulle wil Jesus Christus dien as hulle hulp, Jesus as hulle Verlosser aanvaar? Sal julle graag hier nou wil staan en ons gebed laat hê saam met julle? Ons sal bly wees om dit te doen. Die uitnodiging is oop, en ons het hierdie dienste bepaal vir genesing, Goddelike genesing, maar dis nie heeltemal vir genesing nie. Ons bid vir die siekes, en ons ook. . . Die sonde-siek mense, dis eerste. Ons wil hê julle moet kom. En kom hier net 'n oomblik, staan

saam met ons in gebed. Ons sal bly wees om saam met julle te bid, alles te doen wat ons kan om julle te help. Sal julle dit doen? As daar 'n sondaar in die gebou is, sou julle graag daardie plek wil inneem vanaand, sê: "Ek sal kom en Jesus Christus aanvaar as my persoonlike Verlosser. Ek wil gered word, vanaand"?

213 God seën jou. Hier kom 'n man. God seën jou. Is daar nog een? Sou daar nog een wees? Dis hoe ek daarvan hou om mense te sien kom. Kom reguit af, wyd oop, en sê: "Ek's verkeerd. Ek wil reg wees."

214 En my broer, suster, voor hierdie vyf of seshonderd mense, of wat ook al daar hierbinne is, (ek weet nie), maar hierdie mense wat hier staan weet dis die waarheid. Nooit het die Here my ooit enigiets verkeerd laat sê in daardie profesie nie. Hoeveel sê: "Dis reg"? Steek julle hande op as 'n getuienis? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien, dis altyd reg.

215 Hy sal jou red as jy net kom met eenvoudige geloof, en dit glo. Hy ken die geheim van die hart. Waarom het ek daardie oproep gemaak net op hierdie tydstip, gelyk asof die gebou gons vir my. Is omdat Iets gesê het: "Maak 'n oproep." Hoe het ek geweet dat hierdie nie hierdie man se laaste geleentheid mag wees nie? Daar mag meer hier wees. As daar is, sal julle nie kom terwyl ons ons hoofde gebuig het nie?

Kom, meneer. God seën jou. Dis goed.

Here, genees hom, maak hom gesond, en het dit—dit vir hom gedoen.

216 Kom, iemand anders? Drie. "In die mond van drie getuies, laat dit bevestig word."

217 Nou, broers, soos julle daar staan, doen julle die dapperste ding. Mense wat siek is, hulle sal enigiets doen om gesond te word, maar wanneer 'n man besef hy is sonde-siek, dis die ergste siekte.

218 Hierdie mense het hiernatoe gekom vanaand, ek weet daar was 'n paar kankers wat weggegaan het terwyl ons hier gestaan het. Dis waar. Ek het baie skadu's sien trek. En ek's nie 'n fanatikus nie. Ek weet dis waar. Baie mense is genees. Maar miskien dalk, een of ander tyd, as hulle lank genoeg lewe, sal hulle weer siek word; hulle mag longontsteking kry. Iets moet hulle uit die lewe uitneem; dood moet dit doen.

219 Nou, maar wat julle nou doen, julle gaan Ewige Lewe aanvaar. Kyk wat Jesus gesê het: "Hy wat My Woorde hoor." *Hoor* beteken "om te verstaan." Sien? "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe; en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Julle doen die edelste ding wat julle ooit gedoen het.

220 Ek sal die gemeente vra om te staan, in herdenking hiervan, terwyl ons bid. Party predikers wat wil verbykom en hande op

hierdie manne lê, saam met my; en—en sal bly wees vir julle om dit te doen, as julle dit sal doen. Kom reguit hiernatoe en lê julle hande op hulle. Almal eerbiedig.

221 Hemelse Vader, in U Goddelike Teenwoordigheid in; nie, onder emosie nie, maar onder die leierskap van die Heilige Gees, in die uur van Goddelike genesing. Wanneer hulle Jesus hierdie selfde dinge sien doen, tweeduisend jaar gelede vandag, en hulle sien Hy doen dit vandag, tree baie op soos hulle toe het. Dit het gesê: "Baie het aan Hom geglo, as gevolg van Sy werke." Baie het aan Hom geglo vanaand, as gevolg van Sy werke.

222 Hier staan drie kosbare siele, drie manne. Blykbaar, Here, gewoonlik is dit vroue. Maar vanaand was dit mans, regdeur. En ons bid, Hemelse Vader, dat U hulle—hulle belydenis sal aanvaar, soos hulle bely dat hulle verkeerd was, en hulle begeer om Lewe te hê, en Dit meer oorvloediglik te hê, deur Jesus Christus. Neem elke donker vlek van sonde weg. Hoor my, Here, soos ek bid. Ek gee hulle in U hande. En deur die gesag van U Woord, wat gesê het: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie," moet U hulle dan aanvaar, Here, want hulle het gekom, en U Woord het gesê dat U hulle nie sou uitwerp nie. En hulle het gekom, geglo dat U hulle sou vergewe. En, vanaf hierdie aand, sal hulle U dien die res van hulle dae, hulleself skei van sonde.

223 Ek bid, Hemelse Vader, dat U die Heilige Gees oor hulle sal uitstort, dat U hulle sal vervul met U Goddelike Krag; dat hulle nie net Christene sal wees nie, maar instrumente van—van diens, gevul tot die kapasiteit, met die Heilige Gees, dat hulle mag help om die Boodskap na andere te bring.

224 Here Jesus, ek gee hulle nou aan U, op U Woord, wat belowe het dat hulle "vergewe" sal word. "Ek sal Hom oprig in die laaste dag," het U gesê. En ek weet U Woorde is waar, ons het pas van Hulle gepraat. Dit faal nooit. En die Woord het gekom na hierdie mans vanaand, en hulle het gekom om die Woord te volg. En ek weet, dat by hierdie kruispad hier, van vergifnis, wat U doen, want U Woorde kan nie faal nie. In Jesus se Naam.

Met ons hoofde gebuig nou.

225 Aan julle, my broers wat hier staan vanaand, julle het die enigste ding gedoen wat julle kan doen. Wanneer julle oortuig is julle is verkeerd, dan word julle veroordeel van sonde, iets wat julle verkeerd gedoen het. Daar is net een manier van vergifnis, en dis deur die Kruis. En julle het hier opgestap vanaand, voor al hierdie mense, om Hom as julle Verlosser te aanvaar, dat julle oortuig was dat julle verkeerd is, veroordeeld; oortuig dat Hy reg is, veroordeel dat julle verkeerd is. En Hy het gesterf vir sondaars. Dis waarvoor Hy na die aarde gekom het, om te sterf vir sondaars; julle net een ding te vra, om vrylik te aanvaar waarvoor Hy gesterf het, julle. Sal julle dit doen, sal julle Hom aanvaar as julle Verlosser? Sit julle sondes agter julle en aanvaar

Hom net nou as julle persoonlike Verlosser. As julle sal, steek op julle regterhande na Hom: "Ek sal." God seën julle.

226 Dit beteken dat dit verby is! As julle glo ek is God se dienaar, dan is dit volgens Sy Woord: "Julle sondes is agter julle, hulle is weg. Hulle is in die See van Vergetelheid, Hy sal hulle nooit meer onthou nie. Julle is nuwe skepsels in Hom, vanaand." Nou mag . . .

227 Hierdie broers hier sal kom en hande op julle lê. En party van julle predikers hier staan nader, kom, lê julle hande, ook, en laat ons hulle seën, dat hulle die Heilige Gees ontvang. Kom nader.

228 Hemelse Vader, vul hierdie goeie broer met die . . . ? . . . Vul hierdie, my broer, met die doop van die Heilige Gees. Vul hierdie, my broer, Here, vanaand, met die Heilige Gees. Skenk dit, in die Naam van Jesus Christus, soos ek hulle aan U toevertrou, vir U dienaars. Amen.

229 Nou mag julle julle hoofde oplig. Hierdie manne het Christus aanvaar as hulle Verlosser; vorige sondes is vergewe. Dis die Woord van die Here. Hoeveel weet dis waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

230 Nou wil ek hê julle moet omdraai na die gehoor, vriende. So Hy sê; "As julle skaam is vir My voor mense, sal Ek skaam wees vir julle voor die Vader. Hy wat My sal bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." Steek op julle hande, dat julle bely dat Jesus Christus julle Verlosser is, julle Hom nou neem as julle Verlosser. Julle broers hier steek op, wat pas na die altaar gekom het, steek op julle hande, sodat die gehoor kan sien. "Hy wat My bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele."

Nou soos ons ons hoofde buig, vir verdaging.

231 Ek wil hê elkeen van julle, mense wat kan, kom hier verby en skud hande met hierdie broers. En nooi hulle in julle kerke in, party van julle pastore, dat julle voortgaan met hulle, van hier af, om die doop van die Heilige Gees te ontvang.

232 God seën julle. God genees julle. God gee julle genade, oorvloediglik, is my opregte gebed. Laat ons nou ons hoofde buig terwyl, ek reken, Broer Rose kom vir die verdagingsgebed. Goed, Broer Rose.

Sy Onfeilbare Woorde Van Belofte AFR64-0120
(His Unfailing Words Of Promise)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 20 Januarie 1964, by die Ramada Inn in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org